higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 2

(11020282)

12 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

120Q1N2412

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNT: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs swart of blou ink.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf..

1.1 Vervoerekonomie-regulering word gedoen om die toewysing van hulpbronne te verander en billike toegang vir alle landsburgers te verseker.

1.2 Die vraag na passasiersvervoer is meer kompleks en omvattend as die vraag na vragvervoer.

1.3 Negatiewe eksternaliteite is omvattend en hou gewoonlik met die omgewing verband.

1.4 Privaat vervoer is ‘n vervoermetode wat deur enigiemand gebruik kan word.

1.5 South African Airways (SAA) is een van die toonaangewende vervoerders in Afrika.

1.6 Porter se Vyfkragtemodel is een van die bekendste modelle wat gebruik word om mededingende kragte te ontleed (Andriotis, 2004).

1.7 Zimbabwe is die wêreld se grootste produsent en uitvoerder van goud en platinum.

1.8 Seevervoer is die belangrikste internasionale vragverspreidingsmetode.

1.9 Lugvervoer is steeds die belangrikste passasiers- en vragvervoermetode.

1.10 Gauteng beoog om die aantal privaat motors op die pad tussen Pretoria en Johannesburg te verminder.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Beoog om die aantal privaat motors op die pad te verminder deur middel van spoorvervoer en deur ‘n wêreldklasdiens tussen Pretoria en Johannesburg te bied	A	makro-ekonomiese doelwitte
2.2	Beoog om ongelyke toegang tot nooddienste reg te stel	B	vervoeraanbod
2.3	Kapasiteit van vervoerinfrastruktuur en -metodes, gewoonlik oor ‘n geografies gedefinieerde vervoerstelsel	C	Gautrain
2.4	Inkomstepeil, lewenstandaard en ouderdom	D	Heropbou- en Ontwikkelingsprogram
2.5	Die vervoer van vrag in ‘n houer of voertuig deur enige openbare of privaat vervoermetode	E	demografiese faktore
		F	vrag

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Definieer die volgende terme, wat hoofsaaklik in die vervoerbedryf gebruik word. Skryf slegs die definisie langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Sneltaxi (‘Express taxi’)

3.2 Bus-snelvervoerstelsel (‘Bus Rapid Transit System’)

3.3 Mobiliteitskaart

3.4 Uitvoer

3.5 Vrye mark

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Waarvoor staan die volgende akronieme?

4.1 IDP

4.2 UN

4.3 MDG

4.4 ACSA

4.5 IT

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

SA SE E-ROEPBESTUURDERS SUKKEL WEENS ONDERGEMIDDELDE LONE TE MIDDE VAN STYGENDE KOSTE

E-roepbestuurders in Suid-Afrika verdien dikwels minder as die minimumloon van R27,58 per uur, omdat hoë brandstofkoste, voertuighuurgeld en stygende kommissies hulle inkomste verlaag.

Dit is volgens Vincent Lilane, sake-ontwikkelingsverteenwoordiger by die internasionale mobiliteitsplatform inDrive.

In Suid-Afrika word e-roepdienste oorheers deur Uber, ‘n multinasionale Amerikaanse maatskappy, en Bolt, ‘n mobiliteitsmaatskappy van Estland, wat ook in verskeie lande regoor die wêreld sake doen.

Lilane sê dat dit van sleutelbelang is dat billike pryse vir sowel e-roepbestuurders en passasiers beding word.

‘Suid-Afrikaanse bestuurders moet langer ure werk om vir hulle lae inkomste te vergoed, wat ‘n negatiewe invloed op bestuurders se welstand kan hê, en moontlik ook klante se veiligheid in gevaar kan stel.’

inDrive beraam dat ongeveer 21% van die Suid-Afrikaanse bevolking e-roepdienste gebruik. Daar word voorspel dat die bedryf selfs verder sal groei, en teen 2028 ‘n gebruikerbasis van 14.38 miljoen mense sal bedien, sê Lilane.

Veiligheid wek kommer

‘Die vinnige groei van e-roepdienste in Suid-Afrika het gepaardgegaan met ‘n kommerwekkende toename in bedreigings vir die veiligheid van bestuurders sowel as passasiers in die veld, wat ongelukkig die hele bedryf se reputasie geknou het.

Kopiereg voorbehou

Ongelukkig is hierdie verskynsel nie uniek aan Suid-Afrika nie, aangesien soortgelyke voorvalle wêreldwyd aangemeld word,' sê Lilane.

Hy erken dat daar veiligheidskwessies in die bedryf is, soos onvoldoende toetse van bestuurders se agtergrond, wetstoepassing met betrekking tot voertuiginstandhouding, en passasiers wat bestuurders teister.

Die bedryf hoop dat die Wysigingswet op Nasionale Landvervoer wat onlangs onderteken is, 'n positiewe uitwerking op die verdienste van e-roepdiensbestuurders sal hê. Die wetgewing, onder andere, verleen langverwagte erkenning aan e-roepdienste en bied duidelikheid oor hoe ondernemings moet funksioneer.

Lilane glo egter dat e-roepdienste groter outonomie oor die bepaling van pryse moet hê.

'Bestuurderbeheer oor pryse kan ook tot passasiers se voordeel strek. Dit sal hulle in staat stel om meer mededingende tariewe te hef, wat van kritiese belang in die hedendaagse lewenskostekrisis is en waar bekostigbare vervoer 'n belangrike oorweging is.'

Behalwe om bestuurders groter beheer oor pryse te gee, is Lilane ook van mening dat die e-roepmaatskappye aansporingsprogramme en bonusse moet herinstel – en uitbrei – as 'n manier om hulle bestuurders te beloon.

'Vyf-en-tagtig present van bestuurders het aangedui dat bonusse en belonings 'n noodsaaklike deel van hulle inkomste vorm.'

Meer as net passasiersvervoer

Lilane sê daar is ook ruimte om e-roepdienste uit te brei om meer as net passasiersdienste te lewer.

'Daar is beduidende leemtes in die vragvervoermark, veral in afgeleë gebiede' sê hy.

'E-roepplatforms kan hierdie leemtes vul en sakeondernemings en individue deur middel van betroubare vragvervoeroplossings met mekaar verbind.

'Dit kan nie net nuwe bronne van inkomste vir bestuurders skep nie, maar ook tot 'n meer stroombelynde en toeganklike netwerk regoor Suid-Afrika bydra.'

5.1 Gebruik die inligting hier bo om die vrae hier onder te beantwoord:

5.1.1 Definieer die term *e-roepdienste.* (2)

5.1.2 Identifiseer DRIE maatskappye wat in die e-roep-passasiersvervoeromgewing sake doen. (3)

5.1.3 Gee TWEE maatskappye wat kos-en-drankafleweringsdienste in die e-roepomgewing lewer. (2)

5.1.4 Noem VIER uitdagings waarvoor die e-roepbedryf te staan kom. (4 × 2) (8)

5.1.5 Gee die regulasie wat die e-roepomgewing hoop hulle uitdagings sal oplos. (1)

5.1.6 Volgens die artikel, wat is die EEN oplossing sal help om die uitdaging van gebrekkige beheer oor prysbepaling wat bestuurders ondervind, op te los? (2)

5.2 Noem TWEE vervoerprobleme wat aan apartheid toegeskryf kan word. (2 × 2) (4)
[22]

VRAAG 6

6.1 Definieer *vervoerdienste.* (2)

6.2 Noem VYF faktore wat mededinging in die vervoeromgewing beïnvloed. (5 × 2) (10)

6.3 Spoorvervoer word as die oplossing vir vragvervoer in Suid-Afrika beskou.

6.3.1 Identifiseer VIER voordele van die gebruik van spoorvervoer.(4 × 2) (8)

6.3.2 Identifiseer TWEE produkte wat in Suid-Afrika ontgin word (2)

6.3.3 Gee TWEE goedere wat deur Suid-Afrika ingevoer word. (2)

6.3.4 Noem TWEE markspelers in die spoorvervoerbedryf. (2)

6.3.5 Identifiseer VYF aspekte wat 'n vervoermaatskappy in aanmerking moet neem as dit deel van die internasionale handelsarena wil wees. (5)
[31]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die volgende begrippe:

7.1.1 Direkte impak van vervoer

7.1.2 Indirekte impak van vervoer (2 × 2) (4)

7.2 Noem DRIE faktore wat 'n land se mededingendheid in die vervoerbedryf kan belemmer. (3 × 2) (6)

7.3 Identifiseer EEN tipe vaartuig wat in watervervoer aangewend word. (1)

7.4 Bespreek TWEE reguleringsdoelwitte van vervoer. (2 × 3) (6)
[17]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou